

tippet 100

Jy doen beter wanneer jy leef vanuit 'n positiewe waardering vir wie jy. Ons is geneig om by ons tekortkominge, ons foute en ons mislukkings stil te staan. Dalk is dit omdat ons onself gedurig daaraan herinner.

Wat daarvan as jy begin dink oor wat jou uniek maak? Watter eienskappe het jy wat mooi en positief is? Watter ervarings het jy gehad wat jou toerus om 'n positiewe verskil te maak?

Droom, beplan en doen vanuit dít wat positief is in jou lewe. Dan voeg jy waarde toe tot die mense om jou. Dan doen jy waarvoor jy geskep is.

Francois Retief

11 Desember 2017

www.tippet.co.za